Sunday, August 5, we commenced another series of meetings in another suburb of Bulawayo. The attendance was small, in fact, almost negligible. It is feared that some have an idea that we rather glory in the fact of small attendances. Not so by any means, but we have mentioned what we find. I verily believe that here in Rhodesia we are experiencing the condition foretold, when the Lord withdraws His Spirit from the earth. The people, on the whole, are utterly indifferent to religion of any kind. They are friendly as one visits at the home, but they have no desire to attend meetings and listen or converse regarding religious things. Last evening we had only one adult stranger at the meeting. I have often wondered when when we should consider the attendance is too small to continue. We are, however, keeping on and praying that we may see some soul stand for the truth from these meetings. Remember us in your prayers. We are encouraged by the thought that the battle is not ours but God's, and, therefore, can but do our best.

Z. U. Mission

E. C. Boger *Superintendent*
D. A. Webster *Secy.-Treas.*

Box 573, Bulawayo, S. Rhodesia

Evangelism in Bulawayo

A. N. INGLE

GREETINGS from Bulawayo! We are of good courage here and the work, though slow, is nevertheless progressing. We held our first baptism on March 10. At that time there were nine adults that went forward. A further baptism was held on June 9 when four were baptised. These additions to the church have given courage to the little Bulawayo company. We have thus far held three series of meetings. The first one was held in the centre of the town, which closed in January last. Then we transferred the tent to a suburb about four miles out of town and continued there until the middle of April. Finally we moved the tent back into Bulawayo where a series of meetings were continued especially for the coloured community.

Soul Temple

NATHANIEL KRUM

I SOUGHT an ancient temple where
the Lord might dwell
On earth with those He calls His
very own;
I viewed each ivied abbey and high
altar set
Aside for God—but none could be
His throne.
The quest seemed more than hope-
less, while I sat
With tearful eye and face in hands,
apart,
Until the Master, drawing near me,
said, "Behold,
You search in vain—God's temple
is *your* heart!"

Life's Record

THE shadows lengthen over all,
And sunsets glow reveals
Another year is almost gone,
And sadness o'er us steals.

What is the record of the hours
Which have so quickly passed?
Have we been diligent or not?
Time will reveal at last.

The record made cannot be changed;
The future is before,
And we can make it what we will;
What does it hold in store?

So "help us number all our days,"
That when they end we may
Be ready for life's record true
Which we shall make today.

BURTON CASTLE.

Die Bybel in Afrikaans

J. J. B. COMBRINCK

Dis 'n „ongeloofbare verskynsel dat daar 300,000 Afrikaanse Bybels verkoop is, daar die blanke Afrikaanssprekende bevolking slegs omtrent 1,000,000 siele tel," het die *Sunday Times* van Johannesburg gesê in sy kommentaar oor „waarskynlik die grootste bestelling vir boeke wat nog ooit in die Unie geplaas is," toe 10,000 Afrikaanse Bybels op een dag bestel is.

Die eerste verskeping Afrikaanse Bybels het ongeveer elf maande gelede aangekom, en maande voor die tyd was hulle al bespreek met die kontant daarby, deur 'n volk hongerig en wagende vir die Bybel in hul moedertaal. Agtereenvolgende verskepinge was uitverkoop onmiddellik na hul aankoms. Hierdie vertaling van die Bybel het al sy tweede druk beleef. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het al meer as 'n £1,000 ingesamel as vraggeld op Afrikaanse Bybels. Die gewig van eksemplare wat alreeds van die hand gesit is, beloop meer as tweehonderd ton.

Hierdie reusebestelling van 10,000 eksemplare is deur die Onderwys Departement van die O. V. S. geplaas, met die doel om 'n Bybel kosteloos te gee aan elke kind wat nie een kan bekostig nie. In sommige gevalle het gesinne 'n dag sonder kos gebly teneinde 'n Bybel in hul moedertaal te kan koop.

Die verskyning van die Afrikaanse Bybel was op 27 Augustus 1933, in alle Afrikaanse kerke in die Unie gevier. Die dankdienste op Bloemfontein, het in die markgebou plaasgevind, waar oor die 4,000 mense vergader het,—die verrigtinge was uitgesaai. Die eerste woorde wat in die diens daardie dag gelees was, was die Tien Geboue, wat bewys lewer van die groot respek wat die Afrikaners oor die algemeen vir die wet van God koester.

Die Voortrekkers en hul voorvaders het die Nederlandse Bybel gebruik wat tussen

1625 en 1634 vertaal is en op las van die State-Generaal uitgegee is, en gevolglik bekend is as die Statebybel. Die Afrikaanse Bybel is vertaal en goedgekeur deur 'n gesamentlike kommissie wat die drie Hollandse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika verteenwoordig.

Die Afrikaanse Taal

Wat die Afrikaanse taal betref, dit het ontwikkel uit die Nederlands van die sewentiende eeu. Verskeie faktore het „Die Taal" beïnvloed en gewysig. Afrikaans word vandag beskou as 'n jong sustertaal van moderne Nederlands. Dit is die tweede eenvoudigste taal in die wêreld en word gepraat van die Kaap tot aan die Sambesie met baie min dialektiese afwykings. Van die faktore wat daartoe bygedra het om die Afrikaanse taal sowel as die wit ras suiwer te hou, is die invloed van die Bybel die belangrikste. Vir die Voortrekkers was dit die heilige Boek wat almal eerbiedig het. Hierdie mense van die negentiende eeu het Afrikaans gepraat, maar hulle het Nederlands gelees en geskrywe, so goed as hulle kon.

Die twee offisiële tale van Suid-Afrika is Afrikaans en Engels. Volgens die sensus van 1926 praat 47.2% kinders onder die sewe jaar net Afrikaans, 22.6% net Engels en 30% is tweetalig. Wat kinders oor die sewe jaar betref, praat 19.6% net Afrikaans, 21.6% net Engels en 58.5% is tweetalig. Van die kinders in plattelandse

skole, praat 69.2% net Afrikaans, 8.1 net Engels en 22.4% is tweetalig.

Uit hierdie feite sien ons dat nie eers $\frac{1}{3}$ van die kinders in Suid-Afrika Nederlands (d.i. Hooghollands) praat nie, dit was dus gebiedend noodsaaklik om die Bybel in Afrikaans te hê. Die opkomende geslag het geen belangstelling of liefde gehad vir die Bybel in 'n vreemde taal nie. Dat die behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel lankal gevoel was, blyk uit die feit dat Mnr. Pannevis alreeds in die jaar 1875 aan die hand gegee het dat die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap die Bybel in Afrikaans druk. In 1885 was Ds. S. J. du Toit wat toentertyd superintendent van onderwys vir die Transvaal was, genader met die versoek om 'n begin te maak met die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die vertaling van verskillende dele het in die Afrikaanse maandblad verskyn. In 1893 was „Genesis" in boekvorm uitgegee en voor die einde van die eeu het „Matthéüs" en die „Openbaring" verskyn, en aan die begin van die twintigste eeu is die „Psalms" in boekvorm gedruk.

Die Jongste Vertaling

Omtrent tien jaar gelede is die gewigtige en heilige taak om die gans heilige Skrif in Afrikaans oor te sit opgedra aan 'n kommissie bestaande uit Dr. J. D. Kestell, Dr. J. D. du Toit, Dr. E. E. van Rooyen, Dr. H. C. M. Fourie en Dr. B. B. Keet. Dit het tien jaar geneem om die werk te voltooi, en die vertalers het hulself uitstekend van hul taak gekwy. Die *Natal Mercury*, 'n Engelse dagblad, het gesê dat sekere dele van die Afrikaanse Bybel skoner taal bevat as dieselfde dele in die Engelse Bybel. Die *Rand Daily Mail* het in 'n hoofartikel die mening uitgespreek dat die Afrikaanse vertaling net soveel vir die Afrikaanssprekende bevolking van Suid-Afrika gaan beteken as die King James vertaling vir die Engels-sprekende wêreld.

Die vertaling is baie goed en kom ooreen met die kantttekeninge van die Engelse „Authorised Version." 'n Paar eienaardighede is egter noemenswaardig: Josef se veelkleurige rok heet „'n lang rok met moue," die derde plaag is „muskiete" in plaas van luise. Verder word die Hebreuse benaminge vir dinge byna deurgaans vertaal: „efod" word „skouerkleed" en „sittimhout" is vertaal as „akasiahout." Die tabernakel met sy meubels word in sulke eenvoudige taal beskryf dat die gewone Afrikaanse kind van vyf jaar dit kan volg. Die Hebreuse naam Asasel is behou in Levitikus 16. Die woord „onsterflikheid" kom in Spr. 12:28 voor. Die opskrifte bokant die Psalms is almal volledig vertaal en vorm die eerste vers van die Psalm: Psalm 54:1 (die opskrif volgens die Engelse Bybel) lui aldus, „Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. 'n Onderwysing van Dawid." Ps. 56:1 lees, „Vir die musiekleier; op die wysie van „Die Duif van die ver Eikebome." Ps. 45:1, „Vir die musiekleier; op die wysie van „Lelies." Van die kinders van Korag."

Die vertaling stem ooreen met die jongste opgrawings en bevindings, en die be-

Excused From Giving to Missions

HORACE BUSHNELL

Those who believe that the world is not lost and does not need a Saviour.

Those who believe that Jesus Christ made a mistake when He said, "Go ye into all the world, and preach the Gospel to every creature."

Those who believe that the Gospel is not the power of God, and cannot save the heathen.

Those who wish that missionaries had never come to our ancestors, and that we ourselves were still heathen.

Those who believe that it is "every man for himself," in this world, and who, with Cain, ask, "Am I my brother's keeper?"

Those who want no share in the final victory of Christ.

Those who believe they are not accountable to God for the money entrusted to them.

Those who are prepared to accept the final sentence: "Inasmuch as ye did it not to one of the least of these, ye did it not to me."

troubaarste bestaande manuskripte, en dit is opmerklik om te vind dat die waarheid van sommige tekste, wat deur die hoër critici aangeval word, bewaar bly in die Afrikaanse vertaling b.v. 1 Joh. 5:7, Openb. 22:14. Ongelukkig kom die goddelike waarheid nie duidelik uit in sommige tekste nie. Daniël 9:25 lui as volg: „Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n gesalfde, 'n vors, is sewe weke; en twee en sestig weke lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.” Interessant is Job 23:12: „Die woorde van Sy mond het ek bewaar meer as my eie wet” i.p.v. „Die redenen Zijns monds heb ek meer dan mijn bescheiden deel weggelegd.” Net een teks is onvoltooi, omdat die ou manuskripte daar onvolledig is, n.l. Ps. 75:7 (vers 6 in die Engels) wat as volg lui: „Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van berghoogtes nie. . .” Die sin word nie voltooi nie, en die vertalers dui aan dat daar iets ontbreek.

Die nakomelinge van die Boere, die Afrikaners, kon nie langer wag op die verskyning van die Bybel in hul moedertaal nie. Duisende versoeke om 'n vertaling is aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gerig. Toe die Afrikaanse manuskripte eindelijk persklaar was, het die Cambridge University Press haastig die werk klaargemaak. Gevolglik is daar 'n paar drukfoute en een of twee verse is onvolledig. Maar hierdie slag was dit die skuld van die setter en die proefleser.

Die Nuwe Bybel het op 'n geleë tyd in Suid-Afrika verskyn; daar is 'n algemene herlewing van Skrifondersoek. In hierdie tyd stort die Here ook die spade reën uit op Sy oorblyfsel kerk in Suid-Afrika, sodat hulle die laaste genadeboodskap kan verkondig in hierdie deel van die wêreldveld. (Vertaal uit die Engels—M.)



Die Nuweonderwys Konferensie

MILTON ROBISON

Die onlangse Nuweonderwys konferensie was seker een van die belangrikste byeenkomste op die gebied van onderwys, wat in Suid-Afrika die laaste tyd gehou is. 'n Groot aantal sprekers uit ander lande was teenwoordig, en hul lesings oor verskillende fases van die opvoedkunde het veel stof tot nadenking verskaf. Broeder Hanson en ek het die voorreg gehad om die konferensie te Johannesburg, die hele tyd by te woon. Broeder Cadwallader en Broeder Higgins van die Sambesi Unie was ook daar.

Uit die toesprake het geblyk dat die sprekers besef dat ons in kritieke tye leef. Toe ons so sit en luister hoe hierdie manne en vroue oor die opvoedkundige vraagstukke uitwei, en trag om die weg na sukses aan te wys, was ons bly dat vir ons, as 'n

denominasie, die groot beginsels van Christelike opvoeding so duidelik uiteengesit word.

'n Aantal van die sprekers het melding gemaak van die groot behoefte wat daar bestaan vir geestelike en sedelike opheffing op die gebied van onderwys, maar natuurlik het hulle voor die moeilikheid te staan gekom om te weet hoe om dit toe te pas in skole waar bepaalde godsdiensonderwys nie toegelaat word nie. Dit het ons meer as ooit tevore daartoe gebring om op prys te stel wat in ons eie skole gedaan word, en die grote voorreg wat ons jong mense geniet om 'n onder sulke invloed te kom.

Die Naturelleonderwys-vraagstuk het spesiale aandag geniet. Daar was baie sendelinge en opvoeders van die verskillende genootskappe teenwoordig, en het deelgeneem aan die besprekings. Daar was oor die algemeen ooreengestem dat dit moeilik sou wees om Naturelleonderwys voort te sit sonder 'n bepaalde geestelike atmosfeer. Verskeie sprekers het daarop aangedring dat daar geen maatreëls getref word nie om die opvoeding uit die hande van die sendinggenootskappe te neem, maar liever dat hulle aangemoedig sou word om hulle werk te verbeter en uit te brei.

S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson President
J. E. Symons Sekr.-Tes.
Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris

„MEDIESE Sendingwerk is die regterhand van die evangelie. Dit is noodsaaklik vir die vooruitgang van die saak van God. Wanneer manne en vroue, deur middel van die mediese werk, die belangrikheid van 'n regte leefwyse insien, sal die reddende mag van die waarheid bekend word.”—„*Counsels on Health*,” bls. 219.

Geagte vriende, laat ons 'n oomblik hierby stilstaan. „Dit is noodsaaklik vir die vooruitgang van die saak van God.” As u dink dat ek te veel waarde heg aan 'n onbelangrike onderwerp, dink dan net 'n oomblikkie daaroor na. Wanneer is 'n artikel „noodsaaklik.” Neem byvoorbeeld die sin „Voedsel is noodsaaklik.” Ons mag hieruit aflei dat gesondheidshervorming net so noodsaaklik is om die saak van God te bevorder as wat voedsel vir ons liggaamlike vooruitgang is. En dit is waar dat die twee moet saam gaan. Ek het een dag 'n gesprek met 'n man gehad oor rook. „Ja,” het hy gesê, „Ek weet dat dit dwaas is, en nadelig en duur. Maar ek hou daarvan.” Wat kan 'n mens met so iemand aanvang? Ek sal u sê. As daardie man tot bekering kom en besef dat Jesus sy liggaam, sowel as sy siel, gekoop het, sal hy verlang om God te verheerlik in sy liggaam „wat aan God behoort.” 'n

Mens moet iets hê om jou aan te spoor tot 'n skoon, gesonde lewe. Het u? Sê u, soos die sigaretroker, „Ja, ek weet dit is gevaarlik om vleis te eet, daar vleis vandag vol siektes is. Ek weet dat tee en koffie prikkelend en ongesond is. Maar ek hou van die smaak van vleis, en ek voel soveel beter na 'n lekker koppie tee?” Myns insiens het Sewende-dag Adventiste die hoogste aansporing tot 'n gesonde leefwyse. Ten eerste is ons liggaam die tempel van die Heilige Gees en ten tweede het God ons diens, in woord en daad, nodig.

Merk verder, dat dit volgens hierdie aanhaling uit „*Counsels on Health*” die mediese werk is wat in die meeste gevalle die Derde-engelboodskap versprei. En hoe dikwels is dit nie waar nie. Ons besoek ons bure. Dit duur nie lank voor die tee ingebring word nie, en ons moet duidelik maak dat ons nie tee drink nie. En, daar ons nie wil aanstoot gee nie, is ons verplig om duidelik te maak dat dit by ons 'n gewetenssaak is wat onse godsdiensige lewe raak. Nou bied die geleentheid hom aan om ons vriende attent te maak op die leer van die Bybel oor ander punte, want in die meeste gevalle sal hulle ons uitvra.

In verreweg die meeste gevalle, egter, is dit ons vriendelike hulpvaardigheid in tye van siekte wat harte win en mense gewillig maak om na die boodskap te luister. Laat ons alles in ons vermoë doen om onself bekwaam te maak vir hierdie belangrike werk,—die werk wat die regterhand van die boodskap is. En onthou dat die eerste vereiste vir hierdie werk is om 'n ware „gesondheidshervormer” te wees in u eie huis en, wat nog belangriker is, buite u eie huis, want baie min mense weet wat ons tuis doen, maar die hele wêreld weet wat ons in hotels en in die huise van ongelowiges doen. Laat ons soos Daniël wees en onself voorneem om ons nie te verontreinig nie.



Konferensie van Kerkskoolonderwysers

E. D. HANSON

VANAF 5 tot 11 Julie het die kerkskoolonderwysers van die Suid-Afrikaanse Unie Konferensie, op Helderberg, konferensie gehou, om hul vraagstukke te bespreek en om planne te beraam vir beter en meer agressiewe werk. Dit was een van die belangrikste konferensies wat tot dusver vir ons onderwysers in hierdie unie gehou is.

Daar was negentien onderwysers teenwoordig. Dis die eerste besoek wat sommige aan Helderberg Kollege gebring het, en hulle is terug na hulle skole met 'n beter begrip van wat die kollege vir ons jongmense beteken. Diegene wat hulle Alma Mater weer gesien het, na 'n tyd van afwesigheid, was getref deur die veranderinge wat party van die welbekende plekkies ondergaan het, en nie die minste hiervan was die wondelpaadje tussen die twee koshuise en die kollegegebou.

Die Normaalstudente het nie alleen al die

vergaderings bygewoon nie, maar het ook deelgeneem aan die besprekings. Gedurende die eerste paar dae was 'n aantal van die onderwysers tevrede om maar net te sit en luister na die sprekers, dog na hulle die aan die hand gegewe wenke begin oorweeg het, het daar nuttige besprekings gevolg.

Manne en vroue van ondervinding in opvoedkundige werk in Afrika het voorligting gegee. Professor Milton Robison, met die agtergrond van baie onderwyserskonferensies, was daar. Mnr. E. M. Cadwallader, van die Samesie Unie Sending, wat onlangs in die buiteland, op die gebied van die Nuwe Opvoedkunde, navorsingswerk gedoen het, het ons toegesprek. Mej. H. A. Hyatt, wat met die opleiding van die Normaalstudente belas is, het ons praktiese wenke gegee. En Mevr. A. B. Marais het ons, as vakkundige in die primêre afdeling, bygestaan.

Heelwat tyd was bestee aan die vraagstukke wat betref dissipline, organisasie, en die hou van rekords. Die sosiale en godsdienstige verantwoordelikhede van die onderwyser het ook aandag geniet. Daar was baie tyd bestee aan die bespreking van meer doeltreffende onderwysmetodes in verband met die onderwerpe in die leerplan. In hierdie besprekings was daar spesiale aandag geskenk aan die probleme van die een-onderwyser skool. Die onderwysers het groot belangstelling getoon in die nuwe onderwysmetodes wat betref Lees, Skryf, Spelling, en Rekenkunde. Hulle het ook volledige aantekeninge gemaak van die wenke in verband met „seat work” en handekunste.

Hoewel baie meer onderwerpe onder bespreking gekom het, sal die paar wat genoem is, ons 'n idee gee van wat alles gediskuseer was. Ofskoon die sittings elke dag agt uur in beslag geneem het, het al die lede van die konferensie dit tog getrou bygewoon.

Die onderwysers is terug na hulle skole toe vol inspirasie en met 'n dieper besef van die belangrikheid van Christelike opvoeding. Hulle begin die derde kwartaal met optimisme en moed. Met die medewerking van die ouers, behoort hierdie jaar die suksesvolste te wees in die geskiedenis van ons kerkskole.

Kaapse Veld

L. S. Billes Superintendent

'n Bemoedigende Rapport

L. S. BILLES

Op Sondag, 5 Augustus, het die eerste doopdiens, as gevolg van die poging wat Leraar Staples aan die begin van die jaar gehou het, plaasgevind. Dit was 'n aangename en plegtige oomblik toe agt-entwintig ernstige en getroue siele tot die kerk toegevoeg was. Die meeste van hier-

die nuwe lede sal by die Soutrivier kerk aansluit, waar hulle teenwoordigheid nuwe krag en lewe sal bring. Nog nooit in my ondervinding het ons 'n getrouer en vaster groep tot die kerk verwelkom nie. Die ondervinding wat ons in hierdie poging opgedoen het, laat ons voel dat dit betaal om eers die nuwe gelowiges goed in die leer te bevestig alvorens hulle te doop. Daar het 'n geruime tydjie verloop vandat die poging begin het totdat hulle gedoopt is.

Ons was bly om vir die geleentheid, Leraar Staples in ons midde te hê, wat ook hierdie lede gedoopt het. Weëns die beperkte fasiliteite by die Soutrivier kerk, was die Kaapstadse kerklede so vriendelik om ons uit te nooi na hulle kerk vir die plegtigheid. Ons waardeer ten eerste die hartlike ontvangs wat ons daar te beurt geval het. Ons sien uit na 'n ander doopdiens van nog sowat twintig lede, in die nabye toekoms, as verdere vrugte van die Woodstockse poging.

Van alle kante ontvang ons bemoedigende rapporte. Leraar Abney en Broeder Jackson het na Port Elizabeth vertrek om 'n poging daar te hou. Ons wag gretig verdere ontwikkelinge af, met die bede dat God hulle werksaamhede daar sal sien.

'n Tydjie gelede, tydens die Woodstockse

Diegene wat nie aan die Sending hoef te gee nie

HORACE BUSHNELL

Diegene wat glo dat die wêreld nie verlore is, en nie 'n Saligmaker nodig het nie.

Diegene wat glo dat Jesus 'n fout begaan het toe Hy gesê het, „Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.”

Diegene wat glo dat die evangelie nie die krag van God is, en nie die heiden kan red nie.

Diegene wat wens dat sendelinge nooit na ons voorouers gekom het, en dat hulle self nog heidene was.

Diegene wat glo in die leus, „Elke man vir homself,” in hierdie wêreld, en wat saam met Kain die vraag stel: „Is ek my broer se wagter?”

Diegene wat geen aandeel wil hê in die uiteindelijke oorwinning van Christus nie.

Diegene wat glo dat hulle nie aan God hoef rekenskap te gee van die geld wat Hy aan hulle toevertrou het.

Diegene wat bereid is om die laaste vonnis te aanvaar: „Vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.”

poging, het ons berig ontvang dat daar 'n taamlike groep gelowiges in Namakwaland is wat die Sabbat hou en verlang dat iemand hulle verder sal kom onderrig. Onlangs het Leraar Hiten hulle besoek. Hy het aan ons 'n merkwaardige verslag gebring van 'n sterke en ernstige groep mense met 'n kennis van die waarheid. Een van hulle wat 'n deel van die waarheid gehoor het van iemand uit Oos-Afrika, het in die lig wat tot hom gekom het, gewandel, en eindelijk het hy hom metterwoon op Calvinia gevestig. Daar het hy die mense alles geleer wat hy geken het. Later het 'n kolporteur hulle verder in die waarheid gelei. En so het hulle langs verskillende weë kennis opgedoen van al ons leerstelsels, uitgenome die van die Heiligdom en die Gees van profesie. Die leier van hierdie groep het gebid dat God iemand sou stuur om hulle te help, en in 'n droom het hy drie manne gesien wat hulle tot hulp gekom het. Toe Leraar Hiten en twee van die Vredendalse broeders daar aankom, was sy blydschap groot, en hy het in hulle diegene wat sou kom, herken.

So lei die Voorsienigheid ons, en ons sien die lande dat hulle al wit is vir die oes; maar die arbeiders is jammerlik min. Gods volk is egter getrou. Die tiendes kom bemoedigend in, en dit maak dit moontlik om uit te sien na die uitbreiding van ons werkerskorps. Ons besef egter, dat ons krag nie skuil in meer werkers nie, maar veeler in die krag uit die Hoogte. Daarom versoek ons ons broeders orals om te volhard in die gebed om die sien van ons hemelse Vader, en om Sy leiding in ons werk.

S. U. Sending

E. C. Boger Superintendent

D. A. Webster Sekr.-Tes.

Bus 573, Boelawajo, S. Rhodesië

Evangelie in Boelawajo

A. N. INGLE

HEILWENSE uit Boelawajo! Ons is vol moed hier, en die werk, hoewel dit stadig gaan, maak nietemin vordering. Op 10 Maart het ons ons eerste doopdiens gehou. By daardie geleentheid was nege volwasse gesins gedoopt. Op 10 Junie het ons weer 'n doopdiens gehou toe nog vier gedoopt was. Hierdie toevoegings tot die kerk, het die Boelawajo lede met nuwe moed besiel. Tot dusver het ons drie reekse dienste gehou. Die eerste reeks was in die middel van die dorp gehou en het in Januarie 1.1. gesluit. Toe het ons die tent in een van die voorstede, omtrent vier myl uit die dorp, opgeslaan, en het daar tot die helfte van April gebly. Eindelijk het ons weer teruggekeer na Boelawajo, waar ons 'n reeks dienste spesiaal vir die bruin-

mense gehou het. Die teenstand was kwaai en die opkoms gering. Op die oomblik is daar vier gereed vir die doop, en daar is nog ses, afgeleë in die distrik, wat verwag om in Oktober gedoop te word. Hierdie laaste ses is die vrugte van die werk van laasjaar, en van drie jaar gelede in Oemtali.

In Juliemaand het dit so bitter koud geword dat daar besluit was dat ek die tent sou afbreek, en die afgeleë lede tussen Boelawajo en Oemtali besoek. Algemeen gesproke, het ons goeie ondervindings gehad, en die mense vol moed gevind. Dis interessant en bemoedigend om al langs die hooflyn, skynende liggies te vind. Alles te same het ek 1,700 myl per motor afgeleë. Die Nagmaal was uitgedeel aan sommige wat dit oor die agt jaar laas gebruik het. Ons het lede besoek wat van die een jaar na die ander nooit 'n ander Adventis sien nie. Ek vrees dat diegene wat in die stede woon, saam met ander gelowiges, nie hulle seëninge op prys stel nie.

Op Sondag, 5 Augustus het ons weer 'n reeks dienste in een van die ander voorstede van Boelawajo begin. Die opkoms is swak—byna niks. Ek vrees dat daar sommige is wat sal dink dat ons behae skep in swak opkomstes. Geheel-en-al nie, ons sê maar net hoe sake staan. Ek glo waarlik dat ons hier in Rhodesië die toestande beleef wat sal heers wanneer die Here Sy Gees van die aarde onttrek. Oor die algemeen is die mense absoluut onverskillig teenoor godsdiens van enige soort. Hulle is taamlik vriendelik as mens hulle besoek, maar het geen begeerte om die dienste by te woon, of te luister, of te praat oor godsdiens nie. Gisteraand was daar een vreemde in die diens. Ek het dikwels gewonder wanneer die opkoms so skraal sal word dat ons maar die dienste sal moet staak. Ons hou egter maar aan en bid dat daar tog die een of ander sal wees wat sal uitstaan vir die waarheid in hierdie dienste. Gedenk aan ons in u gebede. Ons skep moed uit die gedagte dat die stryd nie ons saak is nie, maar die Here s'n, en daarom gaan ons voort om ons bes te doen.



Dankbetuiging

BROEDER T. J. J. VAN RENSBERG, van Ermelo, wens om deur middel van die OUTLOOK, sy dank te betuig aan die broeders en susters vir die betoning van hul medelyde, en hul gebede vir hom en die syne met die treurige heengaan van sy eggenote.



Appreciation

BROTHER T. J. J. VAN RENSBERG of Ermelo wishes, through the columns of the OUTLOOK, to thank the brethren and sisters for their expressions of sympathy to him and their prayers for him and his family in their sad bereavement upon the death of Sister van Rensburg.

Gaan Dan Heen

Deur wyle

AMOS R. WELLS

Is die wêreld dood in misdaad? Gaan dan heen! Kan die kruis verlos van kwaad? Gaan dan heen! Daar die duiwel en sy mag, roem en spog met sy groot krag; die ondergang van almal trag, gaan dan heen. Kort die lewe hier op aard, gaan dan heen; spoedig eindig al sy vaart, gaan dan heen. Mense sterwe vroeg en laat, lot beslis na elk'eens daad, gaan dan heen. Christus die gekruisde kom, gaan dan heen; bring die siele t'rug na Hom, gaan dan heen. Al Sy woorde, moeit en pyn, mag verlore tog nie skyn, gaan dan heen. Krag vir werk van Hom verleen, —gaan dan heen—Hy gaan met u, wees 'n seën! Hy's getrou en ewig waar, gaan dan heen. Hy bly met u jaar na jaar, gaan dan heen. En hierna kry u die loon; „Mooi so,” spreek Hy van Sy troon, op u hoof 'n goue kroon, gaan dan heen. GAAN!

Vry vertaal.

Obituary

GARNETT.—Mabel Eliza Garnett, née Leigh, was born in England, August 26, 1878, and died in Cape Town at the New Somersset Hospital, August 16, 1934.

When she was still a girl she came to Cape Town with her brother, Captain R. A. Leigh with whom she resided until her marriage to Captain C. E. Garnett in 1905. To this marriage was born one son, Norman Yule Garnett. In 1918 the father died leaving his widow and son to face the problems of life alone. She was a very devoted mother and, with firm determination and resolute purpose, she undertook the task of making a livelihood and providing for the education of her son.

After a time she accepted an appointment as prison warden. In this responsible position she served for twelve years, bringing the influence of a deeply spiritual life to many a soul in distress. She was the only church that many ever knew, and numbers of letters came to her telling of the help and blessing that had come to the writers as they had felt the calm faith and trust in God that ever radiated from her life. She was not only an official but a friend to those who came under her care.

At times her task was made difficult by ill health, but she never wavered from her purpose. There was always evident that depth of character and calmness of soul which characterise a true child of God. She fought the battle bravely and saw her

desire accomplished. Her son finished school and went into business. About a year ago Mrs. Garnett resigned from her position and the mother and son were happy in their little home. She now had opportunity for more active church fellowship and regular attendance at the Church of England of which she was a member.

When Elder and Mrs. Boger were down at the Cape on coastal furlough, late in 1933, they met the Garnetts. Mrs. Garnett became deeply interested in the work of Seventh-day Adventists and their teachings of the Bible. Soon Mrs. Boger began giving her Bible studies and she attended a series of meetings held at the Claremont church. Her heart rejoiced as she learned more and more of the message of truth for these last days, and she was baptised on the second of June, 1934, by Elder J. I. Robison. She was faithful in attendance at church and prayer meetings, and took an active interest in the work of the church until the time of her illness.

In spite of her suffering and distress, Sister Garnett was of good courage and expressed her faith and confidence in God. She fell asleep peacefully on Thursday, August 16. She leaves to mourn her departure her son, Norman, and her brother, Captain Leigh, besides a sister and other relatives in England.

Believing it would be his mother's wish, the son planned that the burial should take place in the beautiful and secluded little Pieter Meintjies cemetery, where the father and husband is resting. At dawn Friday morning, the journey was begun through the beautiful valleys, and over Bain's Kloof and Hex River mountains to the sacred spot. At one o'clock, surrounded by the stillness and quiet of the Karoo we laid her to rest in the shelter and protection of the nearby hill to await the coming of her Lord and Saviour whose voice will call her forth in newness of life to meet the Lord in the air. A brief service was held at the grave side, and on Sabbath, August 25, a memorial service was conducted at the Claremont church. Words of comfort were spoken by the writer from 1 Thess. 4:13-18.

MILTON ROBISON.

“JA, my siel is stil tot God; van Hom is my heil. Hy alleen is my rots en my heil, my rotsvesting; ek sal nie grootliks wankel nie. Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting! Sekerlik, Hy is my rots en my heil, my rotsvesting; ek sal nie wankel nie. By God is my heil en my eer; die rots van my sterkte, my toevlug is in God. Vertrou op Hom altyd, o volk! Stort julle hart uit voor Sy aangesig! God is 'n toevlug vir ons. Sela. Een ding het God gespreek, twee is dit wat ek gehoor het: dat die sterkte aan God behoort, en aan U, o Here, behoort die goedertierenheid; want U vergeld elkeen na sy werk.” Uit Ps. 62.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor
MRS. J. L. MILFORD Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright *President.*
A. E. Nelson *Treas. and Auditor*
A. F. Tarr *Secy. and S. S. Secy.*
A. N. Tonge *Medical Secy.*
M. P. Robison *Ed. and M. V. Secy.*
F. E. Potter *H. M. and Field Miss. Secy.*
J. I. Robison *Religious Liberty Secy.*

Helderberg New Notes

THE terracing of the slope in front of the buildings is at last nearing completion. Several visitors have commented on the favourable impression created by the wall and terrace.

BROTHER W. E. Phillips, assistant auditor of the General Conference, with Mrs. Phillips recently visited the college. During his visit to the Division office at Claremont, Brother Phillips audited the Division books.

A VERY excellently organised programme was given by the Primary School on a recent Sunday evening. Now that a platform has been erected in the Gymnasium, programmes of this kind can be well presented there.

A NEW College Song was recently adopted. A committee of the staff worked on this for some time. The new song and hymn was presented in Chapel on August 20. Both song and hymn are sung to the same music, and each consists of one stanza only.

UNFORTUNATELY a second outbreak of measles has occurred at the college. About fifteen are down at present. The parlours in the school hostels have been turned into wards. All the patients are progressing favourably at present. This is the first epidemic that has occurred at Helderberg, and we hope that it may be the last for a long time to come.

ENQUIRIES have come to hand regarding visitor's rates at the college during the long holiday, November 1, to February 1. The rate as set by the college board is 27/6 a week. This covers all expense except transportation. We believe that when the location of the college is fully known by our people that many might choose to spend their sea-side holidays here. Frequently the weather is much more pleasant here than directly on the beach six miles away. The college being upwards of 1,000 feet above sea level, the view of the sea is quite majestic.

Harvest Ingathering Progress

FUNDS RECEIVED ARE INDICATED BY SOLID BLOCKS



S. A. U. £5,100. Congo £50.

Angola Union Mission

Goal £100
Received

EACH BLOCK REPRESENTS £2

Congo Union Mission

Goal £50
Received £50.

EACH BLOCK REPRESENTS £1

S. E. A. Union Mission

Goal £145
Received

EACH BLOCK REPRESENTS £2

Zambesi Union Mission

Goal £660
Received

EACH BLOCK REPRESENTS £4

S. A. Union Conference

GOALS

Union	£3,845
S. A. Conference	3,075
Cape Coloured	175
S. A. Miss. Field	550
Bechuana. M. F.	45

RECEIVED

Union	£5,100
S. A. Conference	4,053
Cape Coloured	250
S. A. Miss. Field	746
Bechuana. M. F.	51

EACH BLOCK REPRESENTS £10

